durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap


Oktober 2026

4 Oktober 2026
Doop
Koninkrykbestuursveldtog
9:00 Familiediens
(Ouditorium)
Ds. Danie Murray
Deuroffer: Paarlskool

11 Oktober 2026
Koninkrykbestuursveldtog
9:00 @9 Diens
(Ouditorium)
Ds. Leon Tait
9:00 Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert
18:00 @6 Diens
(Ouditorium)
Pieter Truter
Deuroffer: Gideons

18 Oktober 2026
Koninkrykbestuursveldtog
9:00 @9 Diens
(Ouditorium)
Ds. Mizelle Prinsloo
9:00 Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert
18:00 @6 Diens
Pieter Truter
(Ouditorium)
Deuroffer:
Geopende Deure

25 Oktober 2026
Koninkrykbestuursveldtog
9:00 @9 Diens
Ds. Mizelle Prinsloo
9:00 Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert
18:00 @6 Diens
Pieter Truter
(Ouditorium)
Deuroffer: Plaaslike VGK



KONINKRYKBESTUURDERS

Elke jaar is dit vanaf Junie Koninkrykstyd en dit strek tot Advent. In hierdie tyd dink ons aan God se heerskappy en veral die werking van die Drie-Eenheid in ELKE faset van ons lewe en die wêreld. Dit herinner ons aan die GOUE DRAAD jaartema en hoe God in alle DNA verweef is.

Ons taak in hierdie tyd is om die wonderlike gawes wat ons ontvang het, elke dag uit te leef. **Heelhartig** uit te leef!

Dit is die tyd wat God ons vertrou om ons **LEWE, TYD, TALENTE, VERMOëNS, BESITTINGS, FINANSIES** en die verkondiging van die **EVANGELIE** verantwoordelik te doen / te bestuur.

Dit maak ons as't ware Koninkryk-bestuurders. God vertrou ons daarmee om 'n rol te speel. Wanneer ons met die regte **GESINDHEID**, met vreugde en seën tot ander die taak verrig, wys ons, ons is dankbaar om deel van God se huishouding te wees. Psalm 37:3

GEBEURE OORSIG:

6 Okt: Skole Open Lewensverryking
14 Okt: Gemeente Gebedsuur
19 Okt: Kerkraadopleiding
20 Okt: Doopkategese
23 Okt: Regeneration Kunsaand
24 Okt: Ondersteuningsgroep
25 Okt: Belydenisaflegging
30 Okt: Bybelstudie Seniors

"Saam is ons Koninkrykbestuurders"
Die Binne Bediening Spoor is in Oktober die fokus. Ons is dan besig met die Groot Gebod - tot opbou van die gemeente. Ons lidmate is die fokus en ons rig toekomstige geloofsgenerasies op in volle vertroue dat die vrug geseënd sal wees..



durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

Kom luister saam na
Dr. Symington op
24 Oktober om 10:00-11:00
by Bergsig.
Tema: Hoe help ouers hulle kinders
om KI op 'n verantwoordelike manier
te gebruik.

Die geleentheid is gratis.
Tee en koffie na die tyd beskikbaar

Navrae & Inskryf | **Liezl Loubser**
versorging@bergsigdv.co.za



Gemeente Gebedsuur
14 Oktober 2026 by Bergsig
18:30 – 19:30



Vanuit die uitreikekantoor:

SPES BONA VROUE

Spes Bona wil graag weer vanjaar 8-10 vroue op die Vrouekamp van 16-18 Oktober stuur, wat gehou sal word by die SCAS kampgronde in Jonkershoek.

Die kampgelde beloop R800 per persoon, waarvan elkeen sover R200 moes bydra. Daar is egter 4 vroue wat staatmaak op Sassa pensioen en ons vertrou op die Here vir 'n bydrae van 'n barmhartige persoon of persone om hierdie vroue te help sodat hulle ook die kamp kan bywoon.

Ons is ook opsoek na 'n borgskap vir hulle Taxi vervoer heen-en-weer wat R1500 (een rigting) beloop dus R3000 in totaal vir 8 vroue met bagasie.

Indien die Here dit op jou hart lê om 'n bydrae te maak sal ons waardeer indien dit in Bergsig se bankrekening betaal kan word met verwysing SpesBona Vroue. Alle eer aan God vir die geleentheid en ons bid Sy seën daarop toe.

BERGSIG GEMEENTE — FINANSIËLE TERUGVOER

Terugvoer aan gemeente: jaar-tot-datum (Feb–Jul 2027) en die afgeslote 2026 boekjaar

JAAR TOT DATUM — Feb tot Jul 2027


	Werklik	Begroot	Verlede jaar (self. tydperk)	vs Begroot	vs Verlede jaar
Inkomste	3 184 757	3 375 301	3 287 218	-5,7%	-3,1%
Uitgawes	3 236 794	3 368 535	2 868 978	-3,9%	12,8%
Netto	**(52 038)**	**6 765**	**418 239**		

AFGESLOTE BOEKJAAR 2026 (volle jaar)

	Werklik	Begroot	2025 (volle jaar)	vs Begroot	vs 2025
Inkomste	8 115 216	7 642 000	7 750 898	6,2%	4,7%
Uitgawes	7 655 622	7 811 283	7 639 488	-2,0%	0,2%
Netto	**459 595**	**(169 283)**	**111 411**		


INKOMSTE-VERDELING — Jaar tot Datum 2027 (Werklik vs Begroot)


	Bedryf	Huur	Ander
Werklik	2 700 732,00	345 962,00	138 063,00
Begroot	2 850 000,00	353 009,00	172 292,00




UITGAWE-VERDELING — Jaar tot Datum 2027 (Werklik vs Begroot)

	Administrasie	Erediens/Musiek/Bates	Steundienste	Jeug	Pastorale werk
Werklik	926 250,00	315 570,00	598 492,00	598 492,00	797 990,00
Begroot	911 275,00	368 000,00	626 778,00	626 778,00	835 704,00









FINANSIES

Gee verkieslik jou bydrae elektronies, dit raak toenemend moeilik om kontant te bank.

Indien jy oorweeg om jou weeklikse & maandelikse bydrae gesamentlik verkieslik elektronies te gee, maak dit dan asb. 'n vaste herhalende maandelikse bydrae deur jou bank toepassing te stel met die spesifieke bedrag wat jy ingedagte het.

Gebruik die woord
DANKIE
as verwysing vir jou Koninkrykbestuursveldtog bydrae.



ELKE BIETJIE HELP

Hoe lyk jou hart?

Ons gaan in Oktober die - **Hoe lyk jou hart projek** - loods. Ons sien uit na julle **heelhartige** deelname.

Regs onder is 'n foto van ons seniorhuisbesoektee wat op 30 September plaasgevind het. Amper honderd van ons 75 - 92 jariges het saam gekuier. Ds. Mizelle het gevra hoe lyk hulle harte?



Julle het die voorreg om hul **harte uitgebeeld op papier te sien** soos wat julle by die ouditorium se deure ingestap het. Dit is veral duidelik dat die seniors weet WIE hul HERDER is - Psalm 23. Dit is ook duidelik dat hul in hul nood na God keer.



Ons wil ook graag sien HOE die res van die gemeente se harte lyk. Volgende week deel ons graag die projek met julle.

021 - 976 4107 www.bergsigdv.co.za kommunikasie@bergsigdv.co.za h/v Boland & Proteaweg Durbanville, 7550

Kantoorure: Ma-Vry 8:00 - 14:00 Leraars & Personeel kan daagliks besoek/gebel word by kantoor

Bankbesonderhede:

NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, Rek no. 1410590154

Snap here to pay SnapScan

scan to donate now zapper donate with VISA and many more www.zapper.com